Verwysing: 20201207-170
Lêernommer: 12/16/8/R
Navrae: G de Bruyn

Kaapse Onderrig- en Leierskapsinstituutminuut: 0008/2020

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Subdirektorate en Afdelings (Hoofkantoor), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Prinsipale van openbare skole

**Onderwerp: Kursusse vir onderwyserontwikkeling, konferensies en seminare wat in 2021 by die Kaapse Onderrig-en Leierskapinstituut (KOLI) aangebied sal word**

1. Die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) sal in 2021 óf tydens skoolkwartale óf gedurende skoolvakansies weer SARO-ondersteunde kursusse vir onderwyserontwikkeling, konferensies en seminare vir prinsipale, adjunkprinsipale, departementshoofde en onderwysers aanbied (Bylae A).

2. Alle kursusse wat in 2021 deur die KOLI aangebied sal word, sal teen 15 Desember 2020 op die KOLI-webwerf beskikbaar gestel word: www.wcedctli.co.za.

3. Kursusse sal op verskillende wyses aangebied word en sluit van aangesig tot aangesig, gemengde en aanlyn deelnames in. Die toepaslike wyse word in Bylae A aangedui.

4. Weens die onvoorspelbaarheid van die impak van COVID-19 gedurende 2021, is slegs kursusse vir Kwartaal 1 gelys. 'n Verdere bywerking van beskikbare kursusse vir diie oorblywende deel van 2021 sal gedurende die eerste kwartaal van 2021 vrygestel word.

5. Onderwysers wat daarin belangstel om hierdie kursusse by te woon, moet via die KOLI-webwerf aanteken (die intekenings- en registrasieproses word in Bylae B uiteengesit).

6. Waar kursusse van aangesig tot aangesig aangebied word, sal die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) aflosonderwysers in diens neem vir die duur van kursusse wat gedurende skoolkwartale deur onderwysers by die KOLI bygewoon word, met dien verstande dat:
   - daar geen botallige onderwyser by die skool is nie;
   - die onderwyser nie 'n onderwyser is wat deur die beheerliggaam betaal word nie; en
   - die onderwyser nie reeds vir 'n ander onderwyser waarneem nie.

7. Dit is die skool se verantwoordelikheid om 'n geskikte aflosonderwyser vir die onderwyser wat die kursus bywoon, te vind en benoem.

8. Slegs 50 onderwysers sal vir elk van die kursusse wat tydens die skoolkwartaal aangebied word, geregistreer word.

9. Moet asseblief nie huiwer om met die volgende KOLI-programkoördineerders in verbinding te tree om meer inligting oor die KOLI-intervensies in 2021 te bekom nie:
   - Gavin de Bruyn, telefoonnommer 021 900 5062, faks. 021 900 5114, e-pos: Gavin.DeBruyn@westerncape.gov.za vir alle **Skoolbestuur- en Leierskapontwikkelings**kursusse en -seminare.
   - Magdalena Benn, telefoonnommer 021 900 5016, faks. 086 614 5151, e-pos: Magdelena.Benn@westerncape.gov.za vir alle **Grondslagfase**kursusse en die **Taal- en Wiskunde-oplossingskonferensie**.
   - Natasha Fouché, telefoonnommer 021 900 5018, faks. 086 443 6276, e-pos: Natasha.Fouche@westerncape.gov.za vir alle **Intermediêre- en Senior Fase**kursusse en die **Taal- en Wiskunde-oplossingskonferensie**.
   - Liesl Robinson, telefoonnommer 021 900 5020, faks. 021 900 5013, e-pos: Liesl.Robinson@westerncape.gov.za vir alle **Inklusiewe Onderwys**kursusse en die **Taal- en Wiskunde-oplossingskonferensie**.
   - Christo Davids, telefoonnommer 021 900 5021, faks. 086 731 6833, e-pos: Christo.Davids2@westerncape.gov.za vir alle **IKT-integrasie-**intervensies.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers.

**GETEKEN:** PAD BEETS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2020-12-08